ADVERTENSIE

STEYNTJIENUUSBRIEF 31

Tel: 011 902 4904 / 4726
Faks: 011 902 5502
e-pos: presteyn@mweb.co.za

21 September 2017

AKADEMIE

Die personeel is besig met assesseringsopdragte vir die vierde kwartaal. Baie dankie vir die samewerking.

SKOOL SLUIT - **10:00**

*Die skool sluit op **29 September 2017** en heropen weer op **9 Oktober 2017** vir die vierde kwartaal.*

RAPPORTE

Leerders ontvang op **29 September 2017** om **09:45** hul rapporte in die klasse.

- **Slegs leerders wat by die skool is mag rapporte in die klas kry, andersins eers na 10uur**.

LW! **Geen rapporte kan vroeër uitgedeel word nie!**
Ons vra dat u asb u vakansiereëlings hiervolgens sal tref!

Rapporte van leerders wat siek is en wat nie by die skool is nie kan in die area langs die kantoor afgehaal word slegs

vanaf 10:00 tot **10:10. Niks later nie!**

Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband.

OPLAAI EN AFLAAI VAN LEERDERS

NET WEER DIE VOLGENDE REëLINGS, wat ons alreeds deurgegee het. AANGESIEN DAAR NOG STEEDS "OORTREDERS" IS IN DIE MIDDAE veral voor die saal se hek, en die personeelparkering se hekke.

Ons versoek ouers om asb nie wanneer leerders afgelaai word in die oggend of weer opgelaai word in die middag **TE STOP op:** die **ZEBRASTREPE** of **GEELSTREPE** of **VOOR INGANGE** nie!

- Moet asb nie stop **op die SYPAADJIES** nie vir die **VEILIGHEID van die LEERDERS wat daar loop.**
- Daar is alreeds motorvoertuig registrasie nommers ontvang.

U samewerking in hierdie verband sal hoogs waardeer word!

Steynegroete

SPORT

KRIEKET

Geluk aan ons 2de span wat in die SOR SEMI-FINALE gespeel het teen Orion. Ons het ongelukkig verloor.

Sterkte aan ons 0/9's wat op Di 26/09 Semi-finale speel teen en by L/S Randhart.

- Dan is ons trots op ons 0/10-span wat deurgedring het na die SOR Finaal. Hul speel die FINAAL op Woensdag 27/09 teen L/S Randhart aldaar. Ons is ongelooflik trots op julle ysters!

ATLETIEK

KLEUTERATLETIEKDAG: 14 OKTOBER 2017

Ons nooi ons VOORSKOOLSE KLEUTERS en ouers na ons KLEUTERATLETIEKDAG vir Gr R, RR en RRR te Laerskool President Steyn.

- Kleuterskole het reeds hul uitnodigings ontvang.

Dit gaan plaasvind op **Saterdag 14 Oktober 2017**

TYD: 08:00 vir 08:30 **M**eer inligting later!

ATLETIEK BYEENKOMSTE: 4de Kwartaal 2017

Wo	18/10	TUIS teen L/S Impala
Sa	21/10	**SUPERREEKS te GERMISTON STADION**

VELDFLIEK, PRETLOOP, VERFFEES

Groot dank aan almal vir u ondersteuning. Ons waardeer u opreg!

GROEPFOTOS

Soos u weet het ons groepfoto's van ons leerders geneem. Hoe kan u bestel?

- Leerders bestel foto by afrigter teen R25-00 per foto.
- U kan meer as 1 foto bestel.
- Foto's word slegs gedruk op bestelling.
- Transaksie is kontant met bestelling.
- Dit sal waardeer word as u die regte kontantbedrag saamstuur. Nie tjeks nie asseblief!
- Leerders kan foto eers by afrigter besigtig.
- **Ons sal laat weet as foto's by die skool is. So moenie nou al bestel nie!**
- Indien u meer as 1 kind het wat foto's wil bestel, moet elkeen die regte hoeveelheid geld hê. Elke afrigter se totaal moet afsonderlik klop.

Baie dankie vir u samewerking.

SYWURMS



Ons vra dat leerders asb nie sywurms skooltoe sal bring nie.

- **Daar word uitgeruil, blare gepluk ens en dit word nie toegelaat nie. Baie dankie vir die samewerking!**

LANGNAWEEK - ERFENISDAG 25/09

Maandag 25 September 2017 is dit 'n amptelike vakansiedag. Dit is ERFENISDAG en daaroor gaan daar OOK NIE SKOOL wees op 25/09 nie.

LW!

Alhoewel dit langnaweek is gaan die skool **nie vroeër uitkom nie.** Die skool verdaag op die normale **Vrydagtyd om 13:10**

EDUDOME

Edudome (Planetarium) gaan ons skool besoek op:

17 en 18 Oktober 2017.

KOSTE: R20-00 per kind.